

Bybelvra: Ma's van die Bybel 2

#Vraag 1:

- Sy was die eerste Ma in die Bybel gewees.
- Haar twee seuns was Kain en Abel gewees.

Antwoord: Eva

#Vraag 2:

- Sy kon nie kinders hê nie, en het haar kind van God afgesmeek.
- Haar seun se naam was Samuel gewees, en hy was een van God se grootste profete gewees.
- Sy ma het hom, soos sy die Here belof het, op die ouderdom van 7 jaar by die tempel gelos om vir die Here te werk.

Antwoord: Hanna

#Vraag 3:

- Sy was Isak se vrou gewees en die ma van die tweeling Jakobe n Esau.
- Sy het Jakob gehelp om sy pa te mislei deur te maak of hy Esau is, en daardeur sy broer se eersgeboortereg gekry.

Antwoord: Rebekka

#Vraag 4:

- Sy is die oudste ma in die Bybel.
- Sy was 90 jaar oud toe haar seun Isak gebore is, en haar man was 100 jaar oud gewees.

Antwoord: Sara

#Vraag 5:

- Sy was 'n jong meisie gewees toe 'n Engel van die Here aan haar verskyn het, en vir haar gesê het dat sy 'n Seun gaan hê.
- Sy was verloof aan Josef gewees toe die Engel aan haar verskyn het.
- Sy was die ma van Jesus Christus gewees.

Antwoord: Maria

#Vraag 6:

- Sy was die ma van Johannes die Doper gewees, die een wat die Weg vir Jesus voorberei het.
- Sy was Maria, Jesus se ma, se niggie gewees.

Antwoord: Elizabeth

#Vraag 7:

- Sy was so goeie skoonma gewees dat haar een skoondogter nie na haar eie mense wou teruggaan na haar man se dood nie.
- Haar skoondogter, Rut, het saam met haar skoonma na haar land gegaan.

Antwoord: Naomi

#Vraag 8:

- Haar man moes 7 jaar vir haar werk en het op die einde 14 jaar vir haar gewerk omdat hy haar so liefgehad het.
- Haar eergeborene is deur sy broers verkoop, en met God se plan, later sy familie van hongersnood gered.

Antwoord: Ragel

#Vraag 9:

- Sy was 'n slaaf gewees, en haar eienaars het gesê dat sy 'n kind by haar man moes hê.
- 'n Ruk na die kind se geboorte wou hulle niks met haar te doen hê nie, en het hulle haar en die kind die woestyn ingestuur.
- God het egter self in die woestyn vir hulle gesorg.

Antwoord: Hagar

#Vraag 10:

- Koning Dawid het gesien hoe sy bad en toe op haar verlief geraak, en 'n kind by haar gehad.
- Hy het haar man in die oorlog laat doodmaak, en God het die kind laat sterf.
- God het weer vir haar 'n seun gegee, die wyse Koning Solomo.

Antwoord: Badseba